Hoofstuk 1

Onder die stoeplamp by die breë houtvoordeur hou Kara haar mond vir Jannes se soen. Sy ril in die ysige wind en hy trek haar vaster teen hom aan. Druk sy gesig in haar nek. Sy voel hoedat sy arms haar nog wil terughou, maar sy draai om en sluit oop.

"Waarom so haastig?" vra hy paaiend en rem aan haar hand.

"Dis koud," sê sy, maar glimlag met hom. Hy is so dringend van geaardheid, het sy al voorheen agtergekom. Alles moet nóú gebeur. Aan die een kant wil sy toegee, want hy is 'n vangs. Op kampus is Jannes Conradie 'n trofee. Een van daardie ouens wat akademies presteer en boonop sosiaal skitter. Op sportgebied het hy ook naam gemaak. Speel vir Tukkies se eerstespan. Maar sy ken hom net so-wat twee maande. Lank genoeg vir hulle twee om op kampus as 'n item beskou te word, maar te kort om 'n deurslaggewende besluit oor mekaar te neem.

Kara draai tog weer om na hom en hy maak van die kans gebruik. Vang haar mond met syne vas met 'n passie wat haar asem kort laat word. Maar sy voel meer skrikkerig as opgewonde. Sy hande skuif besitlik om haar middellyf en sy staan met beslistheid terug.

"Toe nou," sê sy met 'n laggie en wikkel haar los.

"Hm. Nou toe nag dan, Kara Geertse," sê hy spottend. Sy kan sy teësin oor haar teenkanting aanvoel. Jannes Conradie is 'n man wat

moeilik laat gaan. Al is dit net tot môre.

"Totsiens, meneer Conradie," groet sy tergend formeel en hoor hom sug toe hy omdraai. Sy maak die voordeur vinnig agter haar toe. Dit sal nie haar saak bevorder as sy hom te gou laat verstaan dat sy wil hê hulle moet ernstig raak nie. Inteendeel. Wat sy van hom gehoor het, is dat hy maar 'n kort aandagspan het as dit by meisies kom. Hannelie Versluis, die fraai primaria van Madelief-koshuis, kon sy aandag glo net 'n week hou. Toe is sy na die argiewe verskuif. En dit glo die aand toe hy Kara die eerste maal gesien het. So vertel sy pelle. Jannes het glo net een kyk na Kara Geertse gegee toe sy destyds in die Amfiteater op kampus as een van die joolprinsesse gekroon is en toe openlik verklaar dat hy die liefde van sy lewe gevind het. Wat haar pla, is dat sy beste vriend, Hennie Fick, laggend beduie dat hy al vantevore so iets kwytgeraak het. Moontlik omdat hy glad nie immuun is teen vroulike skoonheid nie. Buitendien was Jannes daardie tyd nog met Asterhof se primaria deurmekaar. Ook Hennie se woorde.

Kara bly staan terwyl honderde gedagtes, so voel dit, deur haar maal.

Sy was immers verlede jaar 'n joolprinses. Gewoonlik vergeet mense gou. Maar vreemd genoeg, het sy in die kollektiewe geheue van die Pretoriase samelewing 'n BBP gebly. Selfs meer as die joolkoningin en die huidige jaar se joolprinsesse. Die media het die heel meeste op haar gefokus en doen dit steeds. Hoe sy aantrek. Wat sy eet en waar sy eet. Wie haar vriende is. Haar voorkeure en afkeure is op kampus gewilde gespreksonderwerpe. Tot die media het haar al opgetel. Daar was en is steeds onderhoud op onderhoud. Dit het haar natuurlik ook in Jannes se estimasie laat styg. En, beduie hy gereeld, as hy haar vroeër raakgesien het en besef het watter skat sy is, was hulle nou al verloof. Daarop reageer Kara gewoonlik nie. Dis te veel en te vinnig vir haar. Buitendien, die stories aangaande Jannes se kort aandagspan bly haar by.

Daarom is Kara versigtig. Maar dat sy van hom hou, is 'n feit wat sy nie kan ontken nie. Mense hou van hom. Wel, sommige sê hy

is ’n bietjie te aanhoudend sjarmant. Maar watter vroumens sal nie ten minste effentjies hartkloppings oor hom kry nie? Fris en blond, eerstespanspeler vir Tukkies, stoutseunglimlag en kordate bruin oë wat mens laat voel hy kyk nét vir jou. ’n Gawe en meesal ingeligte gesprekvoerder ook. En hy was die afgelope tyd nogal meelewend toe sy in hierdie weke na haar pa se dood “deur ’n moeilike tyd gegaan het” – soos wat daar deesdae met die breër samelewing se afgeplatte simpatie gesê word.

Miskien is Jannes nie te versmaai nie. Hy begryp soms dat sy nie nou op haar vrolikste voel nie. Hy verstaan skynbaar dat sy by tye totaal sonder woorde is. Soms sê hy selfs dat sy moet vasbyt, sy sal mos weer eendag beter voel. Maar intussen maak hy haar die hof, soos wat haar ma gereeld formeel en so effens skepties beweer. En hy doen dit met mening. Hy wil haar so gou moontlik so stewig moontlik aan hom verbind.

Juis daarom sal Kara hom op ’n afstand hou. Vir eers. Want hy moet betyds besef dat sý nes hy, ’n vangs is. Altans, dis wat haar vriendinne weet te vertel. Haar spieël sê dit ook vir haar en haar eie prestasies is ook van die soort waaroor in die studentekoerant en selfs in die dagblaaie geskryf word. Nagraadse student in die sielkunde. Beurshouer van ’n groot instansie. ’n Skoonheid wat koppe by elke funksie laat draai. Soos vanaand toe sy saam met Jannes na ’n funksie van hierdie jaar se joolkomitee was. Hy het openlik gepronk omdat daar bewonderend na haar gekyk word.

Sy glimlag ligweg toe sy die voordeur sluit.

Dis toe sy binne-in die verligte portaal omdraai om met die trap op te gaan dat sy besef sy is nie alleen nie.

Haar ma sit kiertsregop op die antieke stoel onder die kristalkandelaber vir haar en wag.

“En nou?” vra Kara en wil heel onvanpas lag kry. Haar effens verwarde dog altyd stylvolle ma lyk skoon anders. Maskara lê in strepe op haar wange, haar oë is dik geswel en sy sit ten spyte van die koue net in ’n langbroek en dun trui, hande op haar skoot inmekaar geklem. ’n Kilte klim in Kara se bors. “Wat is dit, Mamma?”

Haar ma ruk en beef so dat sy nie kan antwoord nie. Kara tree besorgd nader. Buk by haar en vat haar aan die boarms vas. Sien dat Yvette Geertse op hierdie oomblik nie haarself is nie. Of liewer, sy is baie meer verward en onseker as gewoonlik. Haar oë is buitengewoon groot gesper en haar lippe hang slap. Kara se kop werk vinnig. Sou haar ma 'n skielike ineenstorting beleef? Dis seker nie onmoontlik nie. Haar man is maar pas oorlede en haar binneste is sekerlik nog rou. Nes Kara s'n. Buitendien kan skok eers 'n paar weke later in 'n ineenstorting manifesteer. Sy beleef dalk 'n vertraagde reaksie op haar verlies. Posttraumatiese stresversteuring. Kara het al daarvan geleer.

"Mamma?"

Dit is tog of Yvette effens beheer oor haarself kry. Sy staan stram op, kyk Kara moeg in die oë. "Ek … het vir jou gewag."

"Ek sien so, Mamma-lief. Maar wat is fout?"

Yvette sug rukkerig, kyk om haar rond asof sy die mure vol duur skilderye, die porseleinvase op die twee antieke tafels weerskant die deur vir die eerste maal sien. "Dis … nou alles verby," sê sy skor.

Kara huiwer 'n oomblik, vat haar ma aan die arm en stuur haar sag onderdeur die draai van die imposante marmertrap na die kombuis se kant toe. Haar ma laat haar willoos begaan. Gaan sit by die beige-en-wit granietblad in die kombuis.

"Ek maak vir ons tee, dan vertel Mamma my wat so pla."

Yvette knik swaar, asof haar nek haar kop nie kan hou nie. "Kara … dis verby," sê sy weer. "Ek en jy gaan nou 'n ander lewe hê."

Kara haal diep asem, probeer kalm bly terwyl sy die ketel vol tap en aanskakel. "Waarvan praat Mamma?"

Yvette sug diep. "Pieter Daniels was vanaand hier. Hy sê hy het my net kom voorberei. Pa se boedel … Daar's niks, Kara. Niks nie."

Haar pa se prokureur. Kara se hele lyf word koud. Sy kan die hoendervleis op haar arms binne-in die dik jasmoue voel. Maar sy vra nogtans: "Hoe bedoel hy dan nou?"

Vir die eerste maal lyk dit of Yvette haar verstand bymekaar kry. Sy kyk reguit na Kara, maar haar donker oë is dof. "Jou pa was

bankrot. Hy … hy wou ons twee glo nie ontstel nie. Liewe Vader … as hy tog maar hét."

Bankrot. Kara weet wat die woord beteken. Maar dis of dit in verskillende lettergrepe in haar kop begin opbreek en uitmekaar val. Bank. Rot. Ban. Krot. En die implikasies tref haar nou eers. As mens bankrot is, is daar niks. Dan is jy so arm soos 'n kerkrot. Dan word hulle van hierdie dubbelverdiepingpaleis in 'n spoglandgoed verban na 'n sinkkrot. Dis vir seker. Haar mond word droog.

"Wat gaan ons doen?" vra sy die retoriese vraag. Weet mos haar ma sal nie 'n benul hê nie. Al wat Yvette Geertse haar hele getroude lewe gedoen het, was om Henk Geertse se mooi vrou in sy deftige huis te wees. Dit het Kara eers duidelik besef toe sy haar eerste drie studentejare in die dameskoshuis Klaradyn deurgebring het. Toe het sy tot haar verstomming besef dat daar regtig baie mense is wat nie eintlik geld het om rond te gooi nie. Dat baie van hulle se pa's én ma's hard werk om hulle daar te kan hou. Nie dat die vrouens in hul landgoed hier in die ooste van Pretoria nie werk nie; dis net dat Kara nooit die gevoel gekry het dat hulle werk omdat hulle nie anders kan nie. Miskien was sy verkeerd. Want sy het nog iets in haar eerste jaar uitgevind: Dat baie ander studente sommige aande as kelners en kelnerinne werk of iewers elders 'n ekstratjie probeer verdien. En sý het dit toe ook gedoen, bloot om in te wees. Dit nogal prettig gevind. Later het sy opgehou kelnerin speel, want jou voete raak moeg geloop en skinkbord dra maak jou bo-arms en polse skoon lam.

Haar gedagtes vat en los verbouereerd. Dis of sy die hele konsep van hul bankrotskap nie mooi vasgevat kry nie. En haar ma het haar nog nie geantwoord nie. Waarskynlik omdat sy ook regtig nie weet wat hulle gaan doen nie. Sy sit net weer stokstyf voor haar en staar.

Die ketel het opgehou kook, sien Kara.

"Wat presies het meneer Daniels gesê gaan nou gebeur?" probeer sy weer en gooi kookwater op die teesakkies. Wag dat dit trek en skink dit vir hulle in haar ma se Royal Albert-teestel met die pienk

bloeisels. Gooi vir haar ma twee teelepels melk en een teelepel suiker in. Nes sy daarvan hou.

Yvette vat eers 'n sluk, sit die koppie versigtig in die piering terug. Skud haar kop heen en weer. "Hy sê … ons sal die huis en alles wat daarin is, moet verkoop. Al ons mooi goed … en my juwele ook. En die meeste van ons klere. Ons ontwerpersklere, jy weet."

Kara weet, ja. Al die duur aandrokke, die stylvolle pakkies. Sommige in Parys by Dior of Saint Laurent gekoop. Ander plaaslik ten duurste ontwerp. Sy gaan sit op 'n kombuisstoel. Haar bene voel snaaks bewerig. En sy kry weer verskriklik koud. Merk dat haar ma se mond 'n blouerige kring om het. Toe weet sy wat sy moet doen. Niks in verband met môre of oormôre of die dag daarna nie. Sy moet op hierdie oomblik net doen wat haar gesonde verstand voorskryf. "Luister, Mamma, drink nou dadelik al die tee op. En dan gaan ons boontoe. Ek slaap vanaand by Ma."

Yvette knik net, maak soos Kara sê. Stokkerig en onseker soos 'n kind in 'n totaal vreemde plek. Toe staan Kara op en vat haar ma weer aan die arm, lei haar boontoe en skakel ligte af sover hulle gaan. Toe sy bo-op die ruim trapportaal die laaste ligte afsit en die alarm aktiveer, voel sy die trane brandend opstoot. Maar sy sluk dit weg. Een ding weet sy: Haar ma moet nou heel eerste tot bedaring gebring word. Die vreemde oorbluftheid waarin sy so opsigtelik verkeer, moet weggeslaap word. As dit kan.

Kara tap vir haar ma 'n warm bad, gooi van haar gunsteling badsout in. Sy bekyk die delikate, melkwit glasbottel. Fragonard. 'n Franse maak wat haar ma nog laas uit die Suide van Frankryk saamgebring het. Dit ruik bedwelmend soet. Soos rose in die warm son. Sy onthou die dag toe haar ma dit gekoop het. Kara was pas klaar met matriek en haar ouers het haar met vakansie na die Suide van Frankryk, na Cap Ferrat geneem. Naby die eeue-oue dorpie Eze was daar 'n parfuumwinkel. Eintlik 'n hele paar. Haar ma het op aandrang van haar pa parfuum gekoop wat na rose ruik en toe ook vir haar hierdie bottel goed present gegee. Vir die eerste maal wonder sy waarom dit na vier jaar nog nie opgebruik is nie.

"Ma, waarom gebruik Ma nie dié goed nie?"

Yvette sug swaar. "Ek hou nie eintlik van rosegeur aan my lyf nie. Meer van … Wel, liewer net 'n gewone, vars Keulse water."

Kara gaap haar aan. En sy vra liewer niks verder uit nie. Sy help haar ma uittrek en inklim, los haar 'n rukkie alleen om self gou onder die stort in te spring en ook warm nagklere aan te trek. Toe sy weer by haar kom, sit haar ma steeds soos 'n waspop in die water. Klim willoos uit toe sy aangesê word om dit te doen. Kara krap in die badkamerkassie en kry 'n botteltjie van die kalmeermiddel wat sy weet haar ma soms gebruik. Sy drink dit elke keer, so het Yvette al self vertel, as Kara iewers heen gaan. Koshuis toe of op 'n toer saam met ander studente. Wat nogal dikwels was. Dan sal dit seker nou ook help. Sy laat haar ma twee kapsules daarvan drink.

Toe hulle uiteindelik onder die donsige duvet lê, draai die besef van hul lot soos 'n lem in Kara se binneste. Haar asem word stekelrig in haar keel. Toe sy uiteindelik hoor dat haar ma egalig asemhaal, gryp die huil haar vas. Wurg die kalmte uit haar uit sodat sy suutjies opstaan en vinnig na haar eie kamer toe gaan om daar op haar bed te gaan lê. Sy druk haar kop in die kussing terwyl snikke verwoed deur haar lyf ruk. Die enormiteit van wat hulle getref het, wil haar versmoor. Wat op aarde gaan hulle doen? Sy sal môre die prokureur moet gaan sien en self uitvind. Want soos wat haar ma nou is, gaan sy nie iets verstaanbaars uit haar kry nie. Iets konstruktiefs sal gedoen moet word. Sy dink dit nie net nie. Sy weet dit met 'n sobere sekerheid soos wat mens weet die son kom in die ooste op. Want toe haar pa aan die hartaanval dood is, was dit Kara wat ten spyte van die hartseer 'n koel bedaardheid ervaar het. Sy kon funksioneer. Want dit was sý wat besluit het oor die kis, wat moes reël met die jong predikant wat hulle nie eintlik ken nie, sy wat die blomme moes laat rangskik in die kerk waar hulle amper nooit kom nie – en dit was sy wat besluit het op verassing. 'n Nis in die kerkmuur is gekoop. Nie 'n graf nie.

En toe haar ma verwese wou weet waarom dan nie 'n graf nie, het sy net gesê: "Mamma, van die ander studente wie se mense al

dood is, het vir my gesê dis deesdae te gevaarlik in die begraafplase. Mense word aangeval. Grafte word geskend. Vandale doen lelike dinge. Dis beter om 'n nis te koop."

Haar eie snikke wat sy in die kussing probeer demp, bedaar langsamerhand.

Kóóp. Dis die sleutelwoord. Toe kón hulle nog iets koop. Daar was darem 'n begrafnispolis wat uitgekeer is.

Sy sit orent, staar stip die donkerte in. Nou is daar niks wat uitgekeer gaan word nie. Maar alles gaan ómgekeer word. Wat dit presies gaan impliseer, kan sy om die dood nie nou aan dink nie. Haar kragte is eenvoudig te min. Sy beter ook maar gaan slaap.

Kara trek haar asem diep in, voel verlig dat dit nie meer so steek onder haar ribbes nie. Sy staan op en loop kaalvoet oor die koue teëlvloer terug na haar ma se kamer, kruip langs haar in. Sit haar arm beskermend oor die slapende mens. Dié mens wat nou haar verantwoordelikheid is. Dit weet sy so seker soos die swartheid van die nag.

❊ ❊ ❊

Kara word wakker toe die son die gordyne turkooisblou laat gloei. Sy sit regop, sien dat haar ma nog slaap en sy gaan af ondertoe om vir haar iets te ete te maak, want ten spyte van die vorige aand se slegte nuus en die onvermydelike ontwrigting wat voorlê, is sy gesond honger.

Sy maak roereiers vir hul albei en sit dit op roosterbrood. Rasper kaas oor. Eet haastig en vat toe 'n skinkbord op boontoe. Haar ma kom slaperig orent, kyk verwese na die kos. "Dankie," fluister sy en stoot die vurk lusteloos in die bord rond. Gelukkig kry sy eindelik alles in en Kara sug verlig.

"Mamma, ek gaan nou aantrek. Dis Saterdag en ek vermoed die prokureurskantoor sal vanoggend dalk oop wees. Ek sal eers bel en dan gaan hoor."

Yvette kikker effens op. Praat hortend. "Ek … sal so bly wees,

Kara. Ek … sal maar hier rond wees."

"Gaaf, ek dink Mamma moet eintlik maar heeldag probeer rus. Ma het 'n groot skok gehad."

Maar toe sy eindelik klaar is en in haar silwer Mini Cooper stad toe ry, weet sy dat die eintlike skokke nog kom. Sy sal haar moet staal. Dis woorde wat haar ouma San, wat vroeër jare tot en met haar dood by hulle ingewoon het, graag gebruik het as sy gedink het Kara kla te gou oor iets. Dis of sy die oumensstem vanmôre ekstra duidelik kan hoor.

"Staal jou maar, Karatjie. Hoe sê die Woord? As jy nou al kla as jy saam met die voetsoldate loop, wat sal jy doen as jy saam met die perde moet hardloop?"

Toe het sy nie mooi geweet wat haar ouma bedoel nie en het haar uitgevra daarna.

"Wel, kindjie, dit beteken seker dat mens nooit te gou moet kla nie. Dinge kan altyd erger word."

In haar graadtienjaar toe sy weer kla omdat sy so hard vir die toetsreeks moet leer, het ouma San haar natuurlik weer berispe. Beduie dat die eksamen ook nog voorlê. En dán sal sy sowaar saam met die perde moet hardloop. Kara het haar opgeruk en ouma San daaroor voor stok probeer kry.

"Ouma sê nou so … maar is dit nie 'n bietjie 'weird' dat so iets in die Bybel staan nie? Ek bedoel, dis amper wreed."

Haar ouma se hekelende hande het tot op haar skoot gesak en haar sagte blou oë het bo-oor die bril na Kara gekyk. "Kindjie, ek weet jy kom nie juis in die kerk nie, wat suiwer jou ouers se skuld is, maar … "

"Ouma, ek weet Pa en Ouma sit kort-kort daaroor vas, maar eerlikwaar, daardie ding dat mens saam met perde moet kan hardloop, is darem sowaar te erg! Verwag die Here in Wie Ouma so sterk glo, dit nou regtig?"

Haar ouma het net haar kop geskud en weer begin hekel. Maar sy het gepraat ook. En vreemd genoeg het Kara, ten spyte van haar opstandigheid, dié woorde goed onthou. "Nee kind, die Here wens

mens niks wat sleg is toe nie. Maar die Here ken die wêreld soos dit nou is."

"Nou hoe is die wêreld, reken Ouma in Ouma se wyse alwetendheid?" Sy was sarkasties en het haar byna oombliklik geskaam, maar sy kon haarself nie sover kry om die woorde terug te trek nie. Ouma was egter onverstoorbaar. Sy het haar net stil aangekyk en toe afgemete geantwoord.

"Kara, ek praat van dinge soos dit nou ná die sondeval is. Nie die wêreld wat skoon en rein was soos toe Adam en Eva nog soet was nie. Nee, onse aarde wat vrot van alles is. Dis sleg en onvolmaak en vol dinge wat kan seermaak. Goed wat uitdagings bied wat mens se asem kan wegslaan. 'n Mens kan nie bekostig om te pap of bang te wees nie. Daarom moet mens jou staal."

Maar Kara was volstoom in haar rebelse tienerjare. Ouma se woorde het sy as antiek, geheel argaïes, geklassifiseer. Behorende tot 'n museum. "Ek verstaan nog nie," het sy net gemor.

"Liefkind," het ouma San weer probeer, "die Here ly ook as gevolg van die wêreld se ellende. Hier waar Hy van voetsoldate versus perde praat, help Hy Jeremia om te verstaan dat hy hom sal moet staal teen erger dinge."

"Nou waarom maak die Here dit nie net makliker vir hom nie?"

Ouma San het swaar gesug. "Kara, jy raak diep vrae aan. Vrae wat nie altyd hier op aarde antwoorde het nie. Hoor nou maar vir my. Mens moet jou staal. En God se hulp en beskerming vra."

Wel. As daar ooit 'n tyd was wat sy wat Kara is, haar sal moet staal, is dit seker nou. Want as daar ooit 'n uitdaging was wat haar sal toets, is dit hierdie een.

Ná haar besoek aan die prokureurskantore gaan sy sonder skroom eers by Mugg & Bean in Hatfield 'n sterk koffie drink. Toe sy gaan sit en haar bestelling plaas, kom sy agter dat haar hande bewe. Al hét sy haar gestaal en met 'n strak en hopelik uitdrukkinglose gesig alles wat die prokureur te sê gehad het, aangehoor. Al wat sy weet, is dat sy beheer sal moet neem. Want toe sy vanoggend by die huis weg is, het haar ma haar beangs vasgeklem.

"Kara-kind. Jy moet mooi praat met meneer Daniels, hoor."

Mooi praat? Sy het geweet haar ma begryp glad niks. G'n woord kan nou enigiets verander aan wat gaan gebeur nie. Die huis gaan op 'n vendusie verkoop word. Die meubels en skilderye en die juwele gaan ook opgeveil word. Die Persiese matte ook. Die strandhuis in Yzerfontein en die huis van hul wildtuinvakansies in Marlothpark ook. Seker ook die kothuis in die Cotswolds waar hulle meesal tuisgegaan het as hulle in Engeland was. Alles sal onder die hamer moet kom om haar pa se berge skuld te delg.

'n Ander gedagte tref haar soos 'n hand vol gruis teen die bors. Sy en haar ma sal so gou moontlik ander woonplek moet kry. Genadiglik het sy die groot studiebeurs en sal darem verder kan studeer. Maar dit gaan net haar studies en moontlik haar handboeke dek. Wat hulle gaan eet en waar hulle gaan tuisgaan, is op hierdie oomblik 'n raaisel.

Sy knik haar dank toe die kelnerin haar koffie bring. Is buitensporig bly oor die klein botterkoekie in die piering. Kou dit hongerig. Maar word effens mislik toe sy die eerste sluk van die romerige koffie vat. Stadig nou, maan sy haarself. Bedaar nou eers. Maar sy is innerlik so aan die kook dat sy sidder daarvan.

Henk Geertse was altyd 'n man na wie sy opgesien het. Hy het 'n sterk persoonlikheid gehad, dié pa van haar. Dominerend selfs, ten spyte van die suikersoet manier waarop hy gewoonlik sy sin gekry het. G'n wonder hy en ouma San het soms koppe gestamp nie. Trouens, haar ma is die enigste mens met wie hy nooit vasgesit het nie. En in 'n flits van openbaring weet sy waarom haar ouers nooit eintlik van mekaar verskil het nie: Yvette Geertse het haar man nooit teëgegaan nie. Flarde van gesprekke waai deur haar. Maak insigte oop.

"Yvette, nie daardie kleur nie, Skat. Dra die liggroen pakkie. En spuit van daardie lekker roosgeur parfuum van Yves Saint Laurent aan, hoor."

Ook: "Yvette, jy weet ek hou nie daarvan as jy op funksies te veel met Hendrik van Aswegen gesels nie. Gevaarlike man daardie.

Bly liewer stil, my pop. Jy weet, my besigheid is sensitief van aard."

Sensitief? Seker, ja. 'n Eiendomsmagnaat se dinge moet inderdaad kompleks wees. En hoe is dit moontlik dat sy wat Kara is nou eers besef hoe min sy hoegenaamd van haar eie pa se doen en late geweet het? So blind kan mens wees.

Sy is so verdiep in haar eie deurmekaar gedagtes dat sy skrik toe iemand aan haar skouer vat.

"Haai, Kara! En as jy hier so stokalleen sit? Jy lyk dan so 'blue'!"

Dis Jannes en hy is sy gewone sorgelose self. Dit sal vir seker geen nut hê om te verduidelik dat sy alle rede het om 'blue' te wees nie. Hy het sy lywige boekesak by hom. Kom seker van 'n klas af. Moes prakties of iets gehad het. Deur die genade het sy nie op 'n Saterdagoggend klas nie. Sy sluk en glimlag op na hom. Maar sy oë vernou dadelik. Hy gaan sit oorkant haar by die klein tafeltjie, vat haar hand op die tafel vas.

"Wat is fout? Jy is baie bleek en ek hou nie daarvan nie."

"Ek … " Sy kyk na die glimlaggende gesig. En huiwer. "Ag wat, ek voel nie te waffers nie. Die koffie sal my wel regruk."

Hy glimlag breër. "Nou maar mooi. Want ek het planne vir ons twee vanaand."

"Wat?" Sy weet sy klink lusteloos.

"Dis vir eers 'n geheim. Trek jou grênd aan, hoor! Ek moet nou gaan, want Hennie-hulle wag op my. Prof. Heyneke het uit pure wraaklus 'n ekstra praktiese klas gereël. Ons het mos so vrotterig in die laaste toets gedoen."

Sy knik en hy kom buk by haar, soen haar taamlik demonstratief op die mond. "Tot vanaand," fluister hy. Sy merk op dat van die ander klante wat omtrent almal studente is, hulle belangstellend dophou. En kry terstond 'n sinkende gevoel op haar maag. Die feit dat sy al so lank in die openbare oog is, help ook nie juis nie. Vandat sy 'n joolprinses geword het, weet sy hoe skerp die kollig kan wees. Moontlik was dit haar hele bestaan as rykmanskind so. Sy is tog gewoond aan aandag. Maar vandag vang dit haar onkant. As mens maar kon gaan wegkruip daar waar dit altyd lekker sonnig en sag is.

Kara drink die louerige koffie klaar en betaal. Kyk half verstom na die paar note in haar hand. Dit sal ook seker nie meer te dikwels gebeur nie. Koffie is duur. En cappuccino met koek is beslis uit. Sy sug toe sy uitstap om huis toe te gaan.

Die gesprek tuis is net so moeilik soos wat sy gedink het dit gaan wees. Dat die saak nie beredder kan word nie, bly vir haar ma duister. Die prokureur was dan nou die aand so gaaf.

Kan 'n mens so naïef wees? Kara maak haar mond liewer betyds toe. Vir 'n onderonsie met haar ma sien sy glad nie kans nie. "Mamma," sê sy tog wel, "daar is dinge waaraan mens niks kan doen nie. Ons sal ons moet staal."

"Jy klink soos ouma San," sê haar ma verbaas.

"Ja, ek weet. Maar ek dink sy het 'n punt gehad."

"As sy nog hier was, sou sy vir ons gebid het."

"Sou dit gehelp het?" vra Kara, en Yvette kyk haar ligweg geskok aan sodat sy net skouers optrek. Sy het tog nie nou die krag vir diep dinge nie. Dit gaan erg genoeg wees om aan die eise van elke dag se klein dingetjies gehoor te gee.

Kara besluit om een van haar vriendinne te bel om darem net te sê wat aangaan. Dit sal tog nie help om te maak asof alles maar oukei is nie. Dit stel die onvermydelike net uit. En slegte nuus trek vinnig ver. Die beste manier om daardie momentum te stuit, is om doodeerlik en openlik wees. Altans, dis wat sy dink.

Sy bel Geraldine Botha. Hulle ken mekaar al van hul eerste jaar af en sy en haar ouers woon in 'n eksklusiewe landgoed naby hulle.

"Haai jong," val Geraldine dadelik weg. "Wat's dit?"

Die argelose stemtoon moes Kara gewaarsku het, maar sy trek haar asem diep in en gaan voort. "Haai, Geraldine, ek hoop dit gaan goed?"

"Wel, wel … Jy kan sê met my gaan dit voor die wind. Maar ek hoor julle het groot moeilikheid."

Kara sug innerlik. Maklik gaan dit nie wees nie. "Ja. Mens kan dit so stel. Ons is bankrot." Sy wag en hoor die uitblaas van haar vriendin se asem.

"Hm. Wel, óns kan nie help nie, ou 'girl'. My pa glo elkeen moet maar sy eie potjie krap."

"Ja, dis bepaald waar, maar ek wou net … "

"Ag, weet jy, ek het 'n tennisafspraak. So, cheers, hoor!"

Daarmee word die oproep flink beëindig. Kara staan sprakeloos en kyk na die stil selfoon in haar hand. Sou Geraldine werklik gedink het dat sy vir haar géld wou vra? Is dit onmoontlik om net 'n skouer te bied? Seker. Kara sluk aan die droë bitterheid in haar mond. Geld is 'n blikslaer, dis vir seker. Dit het 'n effek op alles. Eers het dit haar paaie glad gemaak. Dis ook 'n feit. Maar noudat sy dit nie het nie, lê daar groot klippe in haar pad. Sy kan haar kop op 'n blok sit dat Geraldine, dierbaar gaaf soos wat sy voorheen was, nie gaan kans sien om hierdie klipperige pad saam met haar te loop nie. Dit sal interessant wees om te sien wie wel daartoe bereid sal wees.

Maar dit maak tog seer. Dis soos 'n dorinkie net onder die vel. Dié gedagte dat geld heel moontlik nog altyd haar vriendskappe gekoop het. Dit is asof daar lood in haar ledemate afgesak het. En sy voel bitter alleen.

Kara slaap die middag om en word eers wakker toe haar selfoon se alarm afgaan. Sy druk dit dood. Voel steeds pap toe sy gaan bad en aantrek vir die okkasie saam met Jannes. Wat dit nou ook al gaan wees. Hy het net gesê dit gaan redelik grênd wees. Klaar aangetrek in 'n swart nommertjie wat 'n nuwe mode-ontwerper in die Kaap laas jaar vir haar ontwerp het, kam sy haar kastaiingbruin hare op, maak dit met 'n silwerkammetjie aan die een kant van haar kop vas sodat dit oor haar linkerskouer tuimel. Sy grimeer keurig, bruin oogskadu by haar grougroen oë, maskara, perskepienk blosser en 'n titsel lipstiffie. Sy sit die silwerhangoorbelle aan wat sy een wintervakansie in Londen in Harrods raakgesien het. Sal sy daarvan ook moet afstand doen? Al sulke besluite sal seker binnekort geneem moet word.

Skielik frons sy benoud. Dit sal moontlik nie wys wees om haar ma vanaand alleen te los nie. Want Yvette Geertse is glad nie op 'n goeie plek nie. Dit sê haar permanent vraende uitdrukking en haar

bewerige hande. Kara tel haar selfoon op en bel die buurvrou. Tant Celeste is 'n weduwee wat alleen in haar paleis van 'n huis woon. 'n Hoogs bekwame, verfynde vrou wat die koningin met gemak sal kan onthaal. Sy het 'n hartlike lag, sê meesal net wat sy wil en bak en brou heeldag energiek. Maar sy kan ook ongelooflik stywenek wees as sy besluit jy hoort nie in haar sfeer nie. Soms stap sy oor om saam met Yvette Geertse tee te drink en nuus uit te ruil. Kara het voor haar grootgeword.

Sy bel haar en Celeste Verhoef antwoord dadelik. 'n Selfoon is nie iets wat sy ooit ignoreer nie.

"Hallo, Prinses, en waaraan het ek die eer te danke?"

"Ag, tannie Celeste, ek wil my ma nie vanaand so heel alleen los nie. Wil tannie nie … "

"Nou bring haar na my toe!"

"Tannie, die ding is dat ek dalk laat gaan tuiskom."

"Is dit 'n probleem? Bring jou moeder plus haar nagklere hiernatoe. Sy kort 'n goeie preek. Mens kan nie so treur dat jy nie op jou eie bene kan staan nie, alla wêreld!"

Kara wil nog verduidelik dat dit nie werklik die probleem is nie; haar ma is hartseer, maar dra die verlies van haar man heel stylvol. Dis die bankrotskap wat haar so opvreet. Moontlik is dit hard gestel, want haar ma treur wel. Op haar skugter, ingetoë manier rou sy oor Henk in wie se skadu sy so getrou geloop het. En dis g'n wonder hul huidige finansiële krisis kou so aan haar nie. Sy wat Kara is, kan dit kwalik verteer. Nee, sy weet nog nie eens of sy regtig kan nie.

Daarom besluit sy om dié nuus maar eers vir later te bêre. Sy het nie nou lus vir Celeste Verhoef se spitsvondige en soms kru lewenswyshede nie. Daar is tye wat dit net te vlak vir woorde is.

"Toe nou, Kara, bring jou ma," por die vrou toe sy nie dadelik antwoord nie.

"Dankie, Tannie," sê sy net. "Sal julle orraait wees?"

"Meer as orraait. Yvette kan help koeksisters maak. Ek skuld die kerkbasaar 'n paar dosyn."

Kara bedank haar. Sal sy haar ma inlig waarvoor sy haar ingelaat

het? Nee wat. Sy stap later saam met haar ma na die buurvrou se drieverdieping-grasdakhuis met sy formele roostuine waar spreiligte gewoonlik deurnag brand. Genadiglik praat Yvette nie veel nie en Celeste trek haar summier aan die hand die ruim portaal binne, beduie dat sy solank met die trap op na die gastevleuel kan gaan, want sy moet eers iets uit die oond haal.

"Totsiens, Kara! Geniet jou aand," groet Celeste haastig en maak die voordeur toe.

"Baie dankie, Tannie!"

Sy is verlig toe sy weer tuis is. Gaan sit op een van die antieke stoele in die voorportaal vir Jannes en wag. Soos gewoonlik is hy laat. Sy tik-tik ergerlik met haar skoenpunt toe hy die deurklokkie te lank druk en wag aspris 'n hele paar tellings voordat sy oopmaak.

"Sorrie, Mooiding," maak hy sjarmant verskoning en piksoen haar op die wang. Dit kom nogal voor asof iets hom pla. Hy kyk haar 'n oomblik speurend aan, maar glimlag toe weer. "Waar's jou ma?"

Vreemd. Gewoonlik voel hy vere oor waar haar ma haar bevind. "Langsaan by tannie Celeste. Hulle bak koek."

"O … ? Nogal nie gedink jou ma is die bakkerige tipe nie!" sê hy ongeërg toe hulle uitstap.

Sy besluit om hom liewer nie te antwoord nie. Stel die alarm en trek die voordeur agter hulle op knip.

"Wag, ek maak vir jou die deur oop," sê Jannes. "Ek het my kar so pas gewas en wil nie vingermerkies daarop hê nie!"

Sy reageer liewer nie. As sy sou wou sielkundige speel, sou sy kon dink dat hy soms 'n bietjie te perfeksionisties is. Sy het al voorheen opgemerk dat hy feitlik stuipe kry as daar 'n vuil merkie iewers op sy kar is. En noudat sy daaraan dink, as hulle soms brekfis in 'n restaurant eet, skuif hy altyd sy twee repies spek presies ewe ver van mekaar en sorg dat die eiers nie aan die brood raak nie. Klein aardigheidjies van 'n ietwat selfgesentreerde persoon. Of dalk tekens van 'n groter probleem. Sy skud haar kop om die onwelkome gedagtes weg te kry. Sy het nie nou die energie om te veel oor Jannes se

aardighede te wonder nie. Ten minste het hy haar nog nie "gedrop" nie. Dis meer as wat sy van 'n vriendin soos Geraldine kan sê.

Hulle ry in stilte. Wat nie ongewoon is nie, want hy ry vinnig. Te vinnig. Steek soms wederregtelik verby as daar 'n wit streep is. Brom vies oor ander mense wat nie kan bestuur nie. Dit ontsenu haar altyd effens en daarom praat sy liewer nie. Hy sit die radio aan en die klipharde doef-doef-deuntjie van 'n bekende Afrikaanse popliedjie maak verstaanbare kommunikasie in elk geval onmoontlik.

Sy kyk geïnteresseerd op toe hulle 'n ander landgoed in die ooste binnery. Die huise hier is nuut en die bome klein. Maar alles lyk spoggerig. Jannes hou voor 'n hipermoderne glas-en-chroom-dubbelverdieping stil. "Kom, Pop," sê hy joviaal. "Die aand lê voor."

Hulle klim die indrukwekkende trappe na die voordeur wat wawyd oop staan. Binne is 'n maling van mense in 'n skemer vertrek. Hier dreun die musiek ewe hard en sy wonder vaagweg of hier dan nie reëls is nie. In hulle landgoed mag daar beslis nie so gelawaai word nie. Selfs vroegaand word daar vereis dat mens jou musiek tot die omvang van jou eie ore beperk. Wat nie onmoontlik is nie, want die erwe is groter as hier. Sy wil 'n aanmerking daaroor maak, maar hou haar liewer in. Daar is iets aan Jannes vanaand wat haar versigtig maak.

Binne kom 'n slanke blondekop hulle tegemoet.

"Haai … !" groet sy oordrewe vriendelik en soen Jannes op die wang voordat sy skuins na Kara draai. "En is dit nou jou nuwe vangs?"

Dis toe dat die stres van die afgelope dae soos 'n veer in Kara losspring. Sy glimlag styf toe sy sê: "Nee, ek is niemand se vangs nie!"

"Ag, kom nou," lag Jannes breed en in beheer. Hy vat haar boarm stewig vas. "Dis nou Hannelie, Kara. Sy is 'n knap besigheidsvrou."

"Aangenaam," sê Kara nog koel en hou haar hand uit, kyk die vrou vierkant aan.

Die vrou neem dit liggies en koer: "Wedersyds. Kom, kry vir julle iets om te drink. Daar's baie."

Kara knik net, voel akuut ongemaklik. Presies waarom kan sy

nie peil nie. Jannes fluister dringend by haar oor: "Ontspan. Almal weet van jou pa se dinge. Dis nie nodig om hier so opgeruk te wees nie. Die helfte van dié ouens was ook al bankrot en is al weer op die been."

Kara versteen. Bly staan sodat Jannes al 'n paar treë tussen die ander gaste in gegee het voordat hy dit agterkom. Hy kyk om, frons. Druk 'n paar ouens wat duidelik reeds 'n paar drankies in het weg, en kom terug na haar toe. Staan vlak voor haar en praat met sy gesig digby hare.

"Jy het tog nie gedink dit sal geheim bly nie?" En toe sy net stom na hom bly kyk: "Iemand moes 'n woordjie laat val het, jy weet hoe dit gaan. Moenie verbaas wees as dit môre in die koerante is nie."

Kara word yskoud. Natuurlik weet sy dis al nuus. Tog tref dit haar juis vanaand op 'n teer plek. Sy voel broos en uitgelewer. Kry steeds nie 'n woord uit nie. Hy sug net, skud sy kop. "Jy's sowaar 'n regte 'innocent'. G'n wonder die ouens … " Hy maak sy mond skielik toe, trek skouers op.

"G'n wonder die ouens wát?" vra sy. Noudat die skok effens begin wegsak, kom sy agter dat sy briesend is. Sy kan voel hoe vlam haar wange.

Hy gee haar nog een kyk en vat haar hand. Sag, asof sy klein is. "Kom ons staan buite in die tuin, Karatjie. Mens kan nie só 'n gesprek hier voer nie. Wil darem nou nie hê die wêreld moet als van óns twee weet nie."

Sy sluk stram en gaan gedwee agter hom aan. Maar haar binneste bly kook. Hy groet sjarmant hier en daar en toe is hulle buite op die ruim stoep met trappe wat afgaan na die wye grasperk met sy spuitfonteine wat bekoorlik verlig is en nou en dan indrukwekkend hoog opspuit.

Toe hulle anderkant die byderwetse kampvuur op 'n ronde sementverhogie gaan staan, maak sy haar hand los uit syne. Hulle is 'n ent weg van die groepies wat glasies-in-die-hand lag en gesels; daarom vra sy reguit: "Wat presies moet die wêreld nie van ons weet nie?"

Hy kyk af op haar. Stoot haar kuif veerlig met sy vingers weg en glimlag amper simpatiek met haar: "Dat jy nie weet wat die meeste 'girls' op kampus lankal weet nie."

Sy voel hoe die blos haar weer laat warm word. Sy verpes sulke persoonlike aanmerkings. En sy weet goed waarvan hy praat. Dit wat klaarblyklik altyd – en sy begin vermoed sedert die vroegste tye al – die hoofonderwerp van bespreking op die meeste mense se lippe is. Bedsake. Sy sug by voorbaat. Dis nie dat sy vroom of überpreuts is nie. Dis net dat sy nog nie só baie van 'n man gehou het dat sy haar liggaam met hom wil deel nie. En sy begin sterk wonder of sy ooit so baie van Jannes gaan hou. Sy wonder buitendien in hierdie tyd oor die meeste dinge in haar lewe. Al wat sy bo alles helder weet, is dat sy nog nooit so deurmekaar en so weerloos gevoel het nie.

Sy lig haar ken. "Luister hier, Jannes. My pa se chaotiese finansies is een ding. Alhoewel ek nie weet wat op aarde dit met jou of enigiemand anders te doen het nie. Maar my gebrek aan ervaring in die bed is suiwer my eie saak. Dit het niks, maar niks met énigiemand te doen nie!"

"Dan's dit wáár?!" jubel hy sag, vat haar ken vas sodat sy vererg tru staan.

"Waarom sou dit jóú bly maak?" vra sy kwaad. Opeens op die rand van trane sodat sy op haar tande moet byt om die woedende snikke in haar bors terug te hou.

Hy staan vinnig nader, vat haar skouers stewig vas. Sê ingenome: "Omdat ek dan die eerste sal wees, Karatjie!"

Miskien sou sy nog geluister het as hy nie al weer 'n verkleinwoord gebruik het nie. Moontlik sou sy gedink het dat mens dit tog as 'n soort kompliment kan beskou. Maar sy selfingenomenheid, sy volkome vertroue daarin dat sy onvermydelik sal swig voor sy legendariese sjarme, laat haar opeens geheel en al koud.

Sy kry uiteindelik haar stem. "O nee, Jannes, ek stem nie saam nie." Sy weet sy klink ongelooflik formeel en outyds. Sy kan dit aan die diep lag in sy keel hoor.

"So." Hy klink meteens nadenkend. "Jy veroordeel dus mense

wat wel ervaring op daardie gebied het? Ek dag jy kuier gereeld by Sam van Heerden en sy meisie, Marie Groenewald. Hulle woon saam, of het jy dit nog nooit agtergekom nie?"

"Moenie laf wees nie. Ek weet dit. Hulle is goeie vriende van my."

"Maar jy veroordeel hulle?"

"Moenie woorde in my mond lê nie! Ek veroordeel niemand. So uncool is ek nie. Maar laat ek jou vertel … Sover ek kan sien, is hulle opreg lief vir mekaar. Hulle sal die aarde vir mekaar omkeer. Of gaan dit vir jou nie oor die liefde nie?"

Hy word stil, vou sy arms voor sy bors. Agter hom spuit die fontein suisend 'n hoë straal die sterrehemel in. Om hulle klink baie stemme soos wat nog gaste aangekom het en ten spyte van die koue die knetterende vuur hier buite opsoek. "Hm. Hier span jy nou die kar voor die perde in, Karatjie."

"Hou op om van my naam 'n verkleinwoord te maak! Ek haat dit. En nee, dis jý wat die kar voor die perde span. Ek dink mens moet mekaar liefhê en mens moet volkome bereid wees tot 'n lewenslange verbintenis voor mens … wel, voor mens … "

"Seks het? Jy kan kwalik die woord gebruik!" Hy gooi sy kop agteroor en lag hard. Maar toe sy omdraai om blindelings weg te loop, gryp hy haar vas. Druk haar met haar rug teen sy bors styf vas. "Kara, ek dink jy is by bekoorlik verby. Jy is 'stunning'!"

"Al is ek outyds? Al dink ek, soos dit nou vir myself ook klink, soos 'n tannie uit die Groot Trek?"

"Hm," sê hy by haar oor, soen haar talmend in haar nek. "Jy sal selfs in 'n Voortrekkerkappie sexy lyk, my meisie."

Sy maak haar los, en gooi oor haar skouer: "Ek is nie jou meisie nie, Jannes. Kry jou prioriteite reg. Eers die perde. Dan die kar."

Sy hoor hom agter haar lag toe sy deur die gaste druk om binne toe te gaan. Die kwaad is weg. Maar 'n dowwe verslaenheid het in die plek daarvan gekom. Verder is dit duidelik dat sy die onderwerp van bespreking is. Van die vroumense kyk haar takserend aan. Van haar Manolo Blahnik-hoëhakskoene, haar smaraggroen woljas tot

by die duur silweroorbelle. Wonder seker hoe lank sy dit nog sal kan dra. Sy gaan sit eenkant op 'n bank, te sat om verder te dink. Jannes bring vir haar 'n glas Cabernet Sauvignon wat sy swyend neem.

Toe voeg hy hom by 'n klompie manne wat vir hom wink om by hulle te kom staan. Sy sit net 'n kort rukkie alleen toe Hannelie naderkom. "Dis nie nodig om so te voel nie, weet jy," sê die blonde vrou. "Ek was ook al in jou posisie."

Kara teug lig aan die rooiwyn. "En watter posisie sou dit wees?"

"Mense wat mens beskinder omdat jy nie meer geld het nie," antwoord Hannelie sag. "Ek vermoed dis waarom Jannes jou hierheen gebring het. Hy kan soms nogal taktvol wees."

"Regtig?" Kara kan dit nie verhelp nie. Sy voel na sarkasme. Maar Hannelie antwoord ewe ernstig.

"Regtig, ja."

"Vertel," sug Kara en neem nog 'n slukkie. Maar sy besef gou dat dit 'n roekelose uitnodiging was. Want Hannelie pak uit. Gelukkig is dit net hulle twee op die bank. Sy sorg ook, ewe diplomaties, dat haar woorde nie regtig verder uitkring nie. Sy praat so dat Kara netnet kan hoor. Sy vertel van haar en Jannes wat 'n paar jaar gelede 'n "fling" gehad het. Al is sy 'n bietjie ouer as hy. Dat hy nogal bedagsaam is. En sorgsaam. En hulle is na 'n jaar as goeie vriende uitmekaar. Dié dat sy hom nou nog na haar partytjies toe nooi. Want mens sluit nie sommer vir Jannes uit nie …

Kara het teen dié tyd haar glas rooiwyn half gedrink op die tafeltjie langs haar neergesit. Die verslaenheid is ook nou weg. Sy voel heeltemal niks. Luister met 'n halwe oor na wat die vrou alles klets. Weet net vir seker dat sy baie dom was. Natuurlik is Jannes 'n ervare ou. Ten minste op daardie gebied waar sy die woord kwalik kan gebruik. En sy weet mos hy kan ongelooflik "nice" wees. Dis nou as dit hom pas. Dis net dat sy nog nie regtig weet wat om daaromtrent te doen nie. Dié dat Hannelie se gawerige woorde van haar afrol.

"Hannelie," vra sy oplaas. "Is jy getroud?"

"O ja. My man is heelwat ouer as ek. 'n Professor. Maar jy weet

mos daar's nie geld in die akademie nie. Dis ék wat die goud laat inrol. Ek het nou weer 'n besigheid. Voer klere uit Bangkok in. Goedkoop. Jy moet maar sê as ek kan help, jy weet."

Kara sluk betyds 'n skerp antwoord weg. Besluit sy sien nie langer vir hierdie bloedarmoedige gesprek kans nie. Haar lewe lank verpes sy betekenisloosheid. Vandat sy vanaand hier aangekom het, nee, vandat Jannes haar kom oplaai het, moet sy haar teen die vernietigende effek van nietighede verset. Want sy voel op die oomblik nie vlak nie. Sy is boordensvol diep, misterieuse vrae wat krapperig aan haar knaag. Haar benoud maak. Soos een van haar professore vroeër jare gesê het: "'n Mens ervaar soms soveel eksistensiële angs dat jy nie kan asemhaal nie." En om te dink sy en haar vriendinne het toe met studentikose simpelheid daarmee gespot.

"Wat se banggeit kan nou só erg wees?" wou ene Susan van Breda weet.

Almal, Kara inkluis, het geproes van die lag. Ongelukkig het prof. Heunis net agter hulle op pad kafeteria toe geloop en hard geantwoord: "Angs wat 'n mens se bestaan bedreig, dames!"

Hulle het nie gou weer in sy klas gelag nie.

Sy voel beslis nou soos wat hy na alle waarskynlikheid oor hulle oppervlakkige praatjies gevoel het. Misnoeg. En sy neem 'n besluit.

"Hannelie," sê sy, "dankie vir die partytjie, maar ek moet huis se kant toe staan. Ek het baie om te doen."

Hannelie sit 'n hand met perfek gemanikuurde naels op haar boarm "Sjym, ja. Ek sal aan jou dink. Maar ek glo nie jy het iets om oor te worrie nie. Jannes sal sorg. Jy moet hom net nie te veel teëgaan nie, hoor."

Daarop antwoord Kara liewer nie. Sy is nou so geïrriteerd dat sy bewerig voel en sy maak of sy nie die vele ondersoekende, amper dissekterende kyke op haar voel nie. Sy knik net en stap na Jannes toe. Tik hom op sy skouer. "Kan ek jou gou sien?"

Voordat sy kan keer, haak hy haar met 'n arm om haar middellyf nader en soen haar op haar mond. Natuurlik om die ander manne te beïndruk. Sy verset haar nie, want sy wil nie nou drama hê nie.

Sy wil net weggaan. Verkieslik heeltemal verdwyn.

"Wat is dit, my pop?" vra hy sag.

"Ek wil huis toe gaan. Nou dadelik."

Tot haar verstomming willig hy in. Groet die ander ouens met 'n lig van sy wenkbroue en vat haar hand om Hannelie te gaan groet en te bedank.

Toe hulle in die kar sit, vra hy: "Wat gaan aan?" En voordat sy kan antwoord: "Is daar hoop vir my dat jy skielik huis toe wil gaan, want jou ma is nie tuis nie?"

"Moenie laf wees nie, Jannes. Ek wil huis toe gaan omdat ek alleen wil wees."

"Nou's jý laf! Ek bring jou juis hierheen sodat Hannelie mooi vir jou kan vertel dat mens weer uit die as kan opstaan en nou wil jy niks daarvan weet nie."

Sy sug en hy trek weg, jaag soos gewoonlik en hy praat eers weer toe hy by die voordeur stilhou.

"Kan ek vanaand inkom? En oorbly?" vra hy stomp, maar met 'n bot dringendheid.

Sy sluk stram, haar hand op die deurhandvatsel. "Nee, Jannes, op albei vrae. Jy kan nie."

Hy draai skuins en kyk haar stip in die halflig van die tuinlampe aan. Sê kortaf: "Nou goed dan. Maar ons sal weer praat."

Moenie jou hart daarop sit nie, dink sy suf en klim uit. Hy trek weg nog voordat sy op die onderste stoeptrappie staan. Toe sy die alarm gedeaktiveer het en die portaallig aanskakel, weet sy een ding: Dit gaan 'n bitter lang nag wees. Sy is nugter wakker. Daarby moet sy vannag harde besluite neem. Die prokureur het genoem dat hulle presies drie weke het om uit die huis te trek. Sonder hul meubels. Sonder enigiets behalwe die heel nodigste. Sy is nie seker presies wat daarmee bedoel word nie. Soos wat dit nou voel, het sy alles nodig wat sy besit. Moontlik het die prokureur bedoel alles waarsonder mens nie kan klaarkom nie. Hy het trouens so iets gemompel.

Wat op aarde gaan sy doen?